

Sondag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 12:4-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:4-8

My gawes in diens van God

Ons toewyding en diens aan die Here is alleen moontlik omdat God Hom in Christus oor ons ontferm het en so die sonde oorwin het. Daarom bly ons nie meer in die sonde nie. Ons word geroep om die Here in toewyding te dien uit dankbaarheid vir sy verlossing en genade. Hierdie toewyding begin by die verandering van ons denke en werk dan uit na ons leefstyl en gedrag.

In ons dienswerk vir die Here word ons deur die werking van die Heilige Gees toegerus met spesifieke gawes. Die gawes moet nou nie maak dat ons meer van onself sal dink as wat ons behoort nie (vs 3). Ons is diensbaar tot eer van die Here. Daarom moet ons in besadigdheid en ootmoed erken dat die Here spesifieke gawes aan sy kinders gee om volgens sy wil aan Hom diensbaar te wees.

Die gawes wat die Here aan sy kinders gee, wys in die eerste plek op ons dienswerk in die kerk. Wanneer gelowiges se lewe aan die Here gewy word, behoort dit eerstens in Christus se kerk sigbaar te wees.

Paulus vergelyk die kerk met 'n liggaam waarin lede elkeen tot 'n spesifieke nut en funksie geroep word. In die kerk het ons nie dieselfde gawes nie, maar word ons geroep om elkeen met ons besondere gawe die liggaam van Christus te dien.

Die gesindheid waarin ons die Here met ons spesifieke gawes dien, is ook belangrik (vs 8). Dit kom daarop neer dat ons vergenoeg sal wees met die gawes wat die Here aan ons gegee het. Laat ons individueel, maar ook gesamentlik die Here sonder bymotiewe en gewillig, saam met ander gelowiges dien.

Sing: Psalm 116-1:9, 10

Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)